# Ps 116 - Belydenisaflegging 2009: EK HET DIE HERE LIEF!

*"Ek het die Here lief."* **So begin hierdie lied.** Ons het dit ook al gesing en op baie maniere gesê.
Dit is ook wat **julle vandag** voor baie getuies gaan sê. Deur jou "Ja" op die vrae gaan jy sê: *"Ek het die Here lief."*

**Wat sit agter hierdie liefdesverklaring?** Die psalmis vertel hoedat die Here hom uit groot nood verlos het. Hy was in doodsgevaar – soos Jona in die vis. Hy kon homself nie red nie. Hy het tot die Here geroep: *"Here, red my tog!"*
En Hy het!
As die Here jou en my nie gered het nie, was ons vandag ook nog in doodsgevaar. Dan was die ewige dood ons voorland. Daar is nie 'n erger lot as dit nie!
Vandag getuig julle ook saam met die psalmis dat die Here julle *gered het* en dat Hy *genadig en regverdig* is en dat Hy Hom oor ons *ontferm* (:5).
DIS waar alles begin het – by God wat ons **eerste liefgehad** het. By ons DOOP het Hy ons al verseker: *"Ek het jou lief!"*

**Na hierdie ervaring het die sanger van die psalm 'n probleem gehad – 'n lekker probleem.** Hy vra homself **die vraag**: *"Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy weldade aan my?"*
Dis 'n **baie goeie en belangrike vraag**, nie waar nie: Hoe kan ons vir God *dankie sê* daarvoor dat Hy ons onverdiend, uit genade, van 'n *sinlose* lewe en van die *ewige* dood gered het?
Daar is sommer **'n hele paar maniere**. Ons kan dit natuurlik ook soos die psalmis deur **gebed** en selfs **sang** doen. Dit is belangrik dat ons vir God <u>in woorde</u> sal sê dat ons dankbaar is. Ons kan dit nooit genoeg sê nie! Gebed is nie net vra nie, maar veral dankie sê.
Ons kan ook met ander oor hierdie goeie God **gesels**. So gee ons aan Hom dank en erkenning. (**Steve Butnor**).Dit mag hulle dalk ook aanspoor om Hom beter te leer ken.
Maar die psalmis wou sy dankbaar heid nie net <u>sê</u> nie, maar ook **leef**. *"Ek wil U loof met 'n dankoffer* " sê hy. 'n Dankoffer kan **iets tasbaars** soos geld wees. Omdat kinders van die Here dankbaar is, dra hulle graag by vir die Here se saak. As lidmate sal julle ook gereeld die kans kry om 'n deel van julle inkomste vir die gemeente te gee sodat die werk van die Here gedoen kan word. Die manier waarop ek my sakgeld en later my salaris aanwend, is *'n aanduiding van my dankbaarheid* teenoor die Here. Daarom noem ons dit 'n DANKoffer.

Laat ons behalwe ons geld, veral ook *onsself, ons kragte en vermoëns* as 'n dankoffer aan God wy (Rom 12:1). Niemand van ons is te arm om DIT te kan doen nie!

Verder sê hy: *"**My geloftes** aan die Here sal ek betaal…"* Dis ook nog deel van sy dankbaarheid.
**Daar is baie mense wat nie beloftes wil maak nie**, want hulle weet beloftes maak **skuld**. Hulle *leef* bv liewer saam as om te trou, maw hulle wil nie die belofte om ge*trou te bly* maak nie. Ander sê hulle is *christene*, maar hulle wil nie by 'n kerk aansluit nie. Nog 'n rede waarom baie mense nie wil 'commit' nie, is omdat hulle al hul **opsies wil oophou**. As jy hulle vra, sal hulle iets antwoord soos *"Ek sal sien",* of *"Ek sal jou terugskakel"* en dan wag jy verniet. Dit kom voor asof dit net om hulleself gaan en waar hulle die meeste voordeel kan kry. Hulle wil nie opofferings maak of verantwoordelikhede op hulle neem nie.
**Ons is baie bly dat julle nie so is nie.** Julle lê vandag 'n *gelofte af,* i.e. 'n belofte voor God af. Julle verbind, wy julle toe aan God en sy kerk. 'n Mens kan immers nie sê jy is lief vir Christus, die Bruidegom, maar jy wil niks met sy Bruid, die kerk, te doen hê nie!
Soos met alle bruide die geval is, het hierdie bruid ook **nog baie foute**, want die kerk bestaan nie uit engele nie, maar uit mense. Ek wou eenmaal by 'n kerk aansluit waar daar nie sondaars is nie, maar toe wou hulle my nie aanvaar nie! (grappie) Die kerk, maak nie saak watter kerk nie, het in die verlede al baie foute gemaak en sal in die toekoms ook nog foute maak. Dis net wanneer 'n mens of 'n groep mense nooit iets doen nie dat hulle nooit foute maak nie! Soms word daar baie op die kerk se foute **gehamer**. Ek dink **Satan** wil graag hê dat mense hulle vir die kerk moet skaam en hulle daaraan onttrek. Die Here het die kerk en spesifiek die NGK waarvan julle lidmate is al op baie wonderlike maniere gebruik, maar dit word meestal verswyg. Ek kan my nie die toestand van ons land en wêreld indink as dit nie was vir die invloed en rol van die kerk nie! Julle kan **trots wees** om lidmate van die NGK te wees!

**Daar is natuurlik nog baie oor vir die kerk om te doen.** In ons wêreld is daar baie mense wie se *waardes korrup* is, wat *arm* en *veronreg* en *siek* en *gestrem*, *moedeloos, verdwaal* en *verlore* is. God gee vir hulle almal om. Daarom is ons so bly dat julle julle vandag aan God toe wy om saam met die kerk te probeer doen wat ons kan.
Elkeen van julle het **gawes ontvang** waarmee jy 'n bydrae kan maak. Daardie gawe is nie net vir jou eie voordeel bedoel nie. Die kerk is **Christus se liggaam** op aarde. "**Lidmaat"** beteken *ledemaat* en soos 'n arm of been die liggaam nodig het en die liggaam die ledemaat nodig het, het jy die kerk nodig en die kerk het jou nodig.

**As dankbare kinders van God** vir wie Hy van die ewige dood gered het, sê ons op hierdie besondere dag saam met die psalmis in vers 17 en 18: *"Ek wil U loof met 'n dankoffer, ek wil die Naam van die Here aanroep. My geloftes aan die Here sal ek betaal..."* Of soos wat dit lui in **Die Boodskap:** *"Ek sal vir U iets doen om dankie te sê: ek sal U eer en aanbid. My beloftes aan die Here sal ek nakom waar al sy kinders dit kan sien. Binne en buite die kerk sal ek dit nakom."* (:17-19)

**Daar sal weer moeilike tye kom**. **'**n Mens se geloof word maar gedurig **aangeval**. Daarom maak God ons deel van **'n gemeenskap van gelowiges**, van 'n huisgesin sodat ons mekaar kan *dra en ondersteun* en Hy gee ons die **opdrag** om nie van die samekomste van die gemeente weg te bly nie (Hebr 10:25). Ons het mekaar nodig om te kan staan en te kan groei in die geloof. Maar soos met die psalmis kan dit gebeur dat selfs die mense naaste aan jou jou mag teleur stel of net hulpeloos kan toekyk. Mag julle dan ook kan sê: *"Ek het* ***in U bly glo****, selfs toe ek gedink het dit is klaar met my en toe ek in my vertwyfeling besef het: ek kan op geen mens staat maak nie."*
**Dit is moontlik**, want God het Hom immers al lankal, **eerste**, aan my verbind. My doop as baba was die teken van hierdie verbintenis of verbond.

**En weet julle wat het dit van God gevra?**
Jesus en sy dissipels het hierdie psalm gesing nadat hulle die pasga die laaste keer saam gevier het en toe na Getsemane vertrek het. Dit was op die aand voordat Hy gekruisig sou word. Die verbintenis het Jesus se lewe gekos, maar SO lief het God ons gehad!
**Dis mos 'n voorreg om aan so 'n God verbind te wees,** 'n God van liefde, wat genadig en regverdig is en Hom oor 'n mens ontferm, wat SOVEEL vir jou omgee!
**Broers en susters, kom ons sê dit saam met hierdie jongmense vandag vir die Here:** *"Ja, Here, ek wil in hierdie verbintenis met U lewe, want ek het U ook lief. Ek wil u kind en lid van u kerk wees en ek wil my so gedra dat U nooit oor my lewe sal hoef te frons nie. Ek glo dat U genade vir my genoeg sal wees om in hierdie voorneme te kan volhard!"*

Amen.